# Pierneef Gemeente
# Die Boodskapper
## 2 April 2023

**Kantoorure:** Ma, Wo & Vr, 8:00-16:00
**Sel:** 072 137 4407
**Epos:** kantoor@ngkpierneef.co.za
**Bankbesonderhede:** NG Kerk Pierneef, Standard Bank SA, Tjekrekening: 281590621, Takkode: 01-4845
**Leraar:** Ds Paullet Grobler (076 841 1568)
**Gemeente-Sekretaris:** Cecile Botha (072 137 4407)
**Jeugwerker:** Sandra Berger (061 930 6540)

**Facebook:** Pierneef Gemeente **Webwerf:** www.ngkpierneef.co.za

## 2 April
**Erediens**
**Prediker:** Ds Paullet Grobler
Teks: Psalm 118
**Teebeurt: Gemeente**
**Geen Kinderkerk, Kategese en Belydenisklas**

## Kalender:
**Heilige Week:**
**2 April (9:00):** Palmsondag
**6 April (18:30):** Donkerdonderdagerediens
**7 April (8:00):** Goeie Vrydag en Nagmaal
**9 April (9:00):** Paasfees

## Verjaarsdae

| | | | |
|---|---|---|---|
| 02/04 | Mnr | Kowie | Jacobs |
| 04/04 | Me | Kobie | De Wet |
| 04/04 | Dr | Johan | Le Roux |
| 05/04 | Mnr | Ulrich | Kusel |
| 05/04 | Mev | Marissa | Wolhuter |
| 07/04 | Me | Annerie | Schickerling |



# Gemeente-Omgee

## Lief en Leed

- Philip van der Westhuizen
- Ronel Rademeyer wat sukkel met haar knieg
- Nicolette, Annemarie Joubert se dogter wat 'n operasie ondergaan het
- Angelique en haar gesin
- Marius van Niekerk – kanker (familielid van Hennie Smit)
- Cathy du Plessis
- Johann Briers – kanker (familielid van Cecile Botha)

## Nuwe lidmate in ons gemeente :

Ons nooi nuwe lidmate om asb. na die erediens tot voor die kansel te kom waar ons u graag wil ontmoet. In die voorportaal is ook vorms beskikbaar wat u kan voltooi sodat ons u vinnig kan leer ken.Ds. Paullet Grobler besoek nuwe intrekkers. Indien u nog nie 'n besoek ontvang het nie kontak of kom loer gerus in by die kerkkantoor – Maandae, Woensdae en Vrydae tussen 08:00 en 16:00.

## Herwinning

**Die volgende herwinning kan nou weer na die kerk gebring word:**

- **Papier / Karton**
- **Plastiese bottels / houers**
- **Blikkies**
- **Glas**



## Vars produkte by die kerk te koop

Heel hoenders, asook braaipakke en boudjies & dye is Sondae na die diens en tydens kantoorure teen R55 'n kilogram beskikbaar.

Vars plaasbotter - R70 vir 500g houer is ook beskikbaar.

***Maalvleis, wors en hamburger patties word ongelukkig nie meer verskaf nie.***

Die kerk verkoop ook **FARINA** hondekos - R90 vir 'n 8 kg sak en R250 vir 'n 25 kg sak.

# Die Groot Lydensweek

Dit is hoe die volgende week in die Christelike tradisie bekend staan. Volgens die evangelies is dit die laaste week voordat Jesus gevange geneem, verhoor en uiteindelik gekruisig is. Verskeie momente van Jesus se lyding word in die week opgeroep.

Die eerste is dat op Sondag Jesus se toetrede in Jerusalem herdenk word. Die uitgooi van die volgelinge se bo-klere en palmtakke terwyl Jesus op ‘n donkie-vul die ou stad binnery word in herinnering geroep. Daarom word Sondag Palmsondag genoem. Christene wêreldwyd neem op een of ander manier Sondag hulle eie kruisie op, al is dit simbolies in die vorm van ‘n tuisgemaakte palmkruisie - om hulle opnuut te verbind aan Jesus se lyding in die laaste week.

Donderdag staan bekend as Maundy Thursday, die dag waarop Jesus sy dissipels se voete gewas het, en waarop hulle vir oulaas die Pasga gevier het. Vrydag herdenk die kerk die kruisiging van Jesus, en Saterdag word genoem Swart Sondag. Op dié dag is christene wêreldwyd in stilte bewus van Jesus wat in die graf is. Sondag verander die toon van Christene se emosies wanneer hulle die opstanding van Jesus met blydskap vier.

## Advertensies


**Dr Jana de Villiers**
Algemene Praktisyn
064 553 2340

**Charles Nel**
Biokinetikus
064 657 9800

**Gerhard Pienaar**
Fisioterapeut
079 495 4417

Moot Med ontvangs: 064 528 2510

Adres: H/V 30ste Laan en Haarhoffstr, Villieria

Maandag tot Vrydag: 08:00 – 17:00

# Dorkas se Kombuis

*GOEIE GOEIE NUUS!*

1. Ons het die mikpunt van 36 bottels mayonnaise gehaal!
BAIE DANKIE!
As enige iemand wel nog 'n bottel aangekoop het om te skenk, neem ek dit graag ☺

2. Spar Rietfontein het ons weer van 'n R 1000 voucher voorsien waarmee ons Donderdag 44 blikkies pilchards " gekoop" het. DANKIE aan Spar Rietfontein en elkeen wie hul strokies in die houer voor in die kerk gooi.

Ons vra GROOT ASB vir bydraes van skottelgoedseep. Selfs al is dit die refill pak wat gewoonlik effe goedkoper is.
Ons wil poog om teen Sondag 23 April, asb 40 bymekaar te gemaak het.
Mooi week aan elkeen.



**Bankbesonderhede: M. Janeke**
**Capitec Bank, Spaarrekening**
**1651207613**